SAKV Nuusbrokkies

Week 26/2009

Hartseer Nuus:

Dit is met hartseer dat ons u in kennis stel dat Ethan Smit van Anorica op Dinsdag, 23 Junie 2009 oorlede is aan ‘n hartaanval.

‘n Herdenkingsdiens sal op Dinsdag, 30 Junie 2009 om 14:00 by Bryanstonrylaan 21, Bryanston gehou word.

SAGIC Ererol:

Veels geluk aan Keith Kirsten wat op die SAGIC Ererol ingesluit is. Hy is hierdie jaar die enigste persoon wat by die SAGIC Konvensie 2009 hierdie eer toegeken is.

Die passie wat Keith toon vir ons industrie is iets waarna almal moet streef. Hierdie toekenning erken die bydrae wat Keith gemaak het tot die groen industrie in die verlede, huidiglik, en soos ons hom ken, ook in die toekoms sal maak.

BPGA’s Flowering Favourite: Julie

Julie se Flowering Favourite is **Violas**. Dit sal bemark word in ‘n wye verskeidenheid publikasies, koerante, webtuistes en radiostasies wat onder andere Garden & Home, The Citizen, Gardening Eden en Radio 702 insluit.

Top Wenke:

- Violas is perfek as sierrande vir blombeddings, in potte en houers en is heel asemrowend wanneer dit in massa geplant word.
- Hul helder en wye verskeidenheid gekleurde ‘gesiggies’ sluit in diep blou, pers, pienk tot pers-pienk – baie met opvallende strepe, kolle of vlekke in ander kleure.
- Hulle is baie blomryk – ‘n enkele violaplant, indien korrek versorg, sal meer as 1 000 blomme in ‘n seisoen produseer.

EDUSELF

Beperkte uitgawes van die 4-stel **EDU-Self** veeltalige ‘**Garden Assistant’** opleidingsgidse is steeds beskikbaar indien enigeen ‘n kopie van een van die uitgawes benodig. Indien ‘n volledige stel benodig word, is ‘n CD beskikbaar. Albei opsies is beskikbaar deur te druk op die ‘**BACK COPIES AND SALES’** opsie op die webblad www.edu-self.co.za

Aandag alle deelnemende SAKV Kwekerye wat assessering aanbied:
Stuur asseblief alle uitslae en name van suksesvolle kandidate aan die SAKV Kantoor vir hul rekords. Alle navrae omtrent assessering en hoe om ‘n geakkrediteerde toetssentrum te word, kan aan die SAKV kantoor gerig word.

SAKV 5 STER BORGE

Bayer Environmental Science

COPROSMA NURSERY cc

EFEKTO

Erlima Wholesale Nursery

Magenta Plant Distributors

Malanseuns Plesierplante • Pleasure Plants

MayFord

Quality grows Rosendal Farms

Starke Ayres

SAKV Konvensie 2009 fotos:

Fotos van ons SAKV Konvensie is beskikbaar op CD!! Indien u belangstel om 'n kopie aan te koop, kan u vir Gerdie kontak op 072 994 5368 of gerdie@sana.co.za. Die koste beloop R50 per CD – posgeld ingesluit.

SAKV Webtuiste:

Ons webwerf is lewendig!! Besoek asseblief die werf vir inligting oor lidmaatskap, handelsdae, kalenderdatums en soveel meer…

Enige terugvoer en voorstelle aangaande die webwerf sal waardeer word!

SAGIC Voorsitter:

Veels geluk aan Mikki Roxmouth van Real Landscapes wie verkies is tot SAGIC Voorsitter by die SAGIC Konvensie gehou in Junie 2009. Ons wens haar alles van die beste in haar rol as voorsitter.

'Life is a Garden' Skedule Julie - Augustus:

JULIE 2009

1. Naweek Promosies - Koerante
Julie 24/25 - Snoei van Rose

2. Julie temas
- Landskapering in die tuin (Binnelandse tuine)
- "Bog gardening" (Weskaap)

AUGUSTUS 2009

1. Oorhoofse Promosie
'Carbon Gardening'

2. Naweek Promosie - Koerante
- August 22/23 – Bome vir klein tuine

**** 2009 Bome van die Jaar ****
Algemene Boom: Monkey thorn/ apiesdoring (*Acacia galpinii*)
Skaars Bome: Tree fuchsia/ notsung (*Haleria lucida*)
: Round leafed teak/ dopper kiaat (*Pterocarpus rotundifolius*)

3. Augustus Temas
* **'Homegrown' –** Oosterse groente, pietersielie, tiemie, wortels, blaarslaai, broccoli, kool, blomkool, spinasie, uie.
* **'Go green – go gardening':** Bome vir klein tuine: Pompon (*Dais cotinifolia*), karee (*Rhus lancea*), rivier karee (*Rhus pendulina*), tierhout (*Loxostylis alata*), tree wisteria (*Bolusanthus speciosus*), lavender tree (*Heteropyxis natalensis*), wild gardenia (*Gardenia thunbergia*), forest bushwillow (*Combretum kraussii*), leopard tree (*Caesalpinea ferrea*); Henkel's yellowwood (*Podocarpus henkelii*), wild pear (*Dombeya rotundifolia*)
* **Patio plante**: Ficus varieteite – F. natida, F 'Millenium' en kleurafwisselende varieteite.
* **Struike:** May bushes, gardenia (*Gardenia augusta*), brunsfelsia, confetti bushes.
* **Lavenders:** Publisiteit beplan vir verskeidenheid lavenders
* **Meerjariges:** Arctotis, pelargoniums (ivy & zonal), daisy bushes
* **Klimplante:** Chinese jasmine (*Jasminum polyanthum),* Carolina jasmine (*Gelsemium sempervirens)*, petrea, golden shower

SNUFFELBROKKIES

Kwekery te koop:

Gevestigde kwekery in Bloemfontein te koop. Vir meer inligting, kontak asseblief vir Pieter Kriel op (051) 430-5750 of 0781320331.

'Dynamic Truck Rental':

Dinamiese voertuig maatskappy gebaseer in Pretoria wil u graag bystaan om u produkte/plante binne die grense van Suid-Afrika te vervoer. Lewer diens aan kliente in onder meer die papier-, ingenieurs-, verf- en, kwekery-industrieë. Ons diens is van die beste kwaliteit en ons bied mededingende pryse. Bestuurders en personeel is hoogs gekwalifiseerd met kode 10 & 14 bestuurslisensies. Gee ons 'n kans om tot u diens te wees – u sal nie teleurgesteld wees in die resultaat nie. Kontak Pieter op 083 395 0617 of e-pos info@dynamictruck.co.za of Gerhard op 082 264 0880 of e-pos Gerhard@dynamictruck.co.za.

Groete, Gerdie

SANA / SAKV | Tel: 072 994 5368/71 | Fax: 0866182344 | E-mail: gerdie@sana.co.za